



Laerskool La Hoff

Waar elkeen saakmaak

TEL: 082 234 8960
FAKS: 086 591 6606

Privaatsak X5037 • Klerksdorp, 2570
EPOS: lahoff@lahoff.co.za
www.lahoff.co.za

TAALBELEID VAN LAERSKOO LA HOFF

Die beheerliggaam van die Laerskool La Hoff het ingevolge artikel 6(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) die volgende beleid ten aansien van taal by die skool goedgekeur:

1. Woordomskrywing

In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken -

- (1) "beheerliggaam" die beheerliggaam van die skool soos voorsien in artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996);
- (2) "Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);
- (3) "skoolhoof" die prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook 'n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die beheerliggaam namens die skoolhoof handel;
- (4) "Regulasies" die norme en standaarde vir taalbeleid in openbare skole en die bepalinge van "taal-in-onderwys" soos deur die Minister van Onderwys in die Staatskoerant afgekondig;
- (5) "skool" die Laerskool La Hoff;
- (6) "taalbeleid" die taalbeleid in hierdie dokument vervat.

2. Uitgangspunt en basis

Die uitgangspunt en basis van die taalbeleid is dat volle effek gegee moet word aan al die fundamentele regte ten aansien van taal van leerders in onderwysverband soos in die algemeen erken in die Handves van Regte in hoofstuk 2 van die Grondwet en spesifiek vermeld in artikel 29(2) van die Grondwet.

3. Uitleg van taalbeleid

- 3.1 Die taalbeleid is onderhewig aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), die Wet op Skoolonderwys van die Noordwes Provinsie en die Regulasies vir sover dit bindend op die skool is.
- 3.2 Die taalbeleid word so uitgelê dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor taalgebruik in onderwys versoenbaar is.
- 3.3 Sonder om die algemeenheid van artikel 2.1 te beperk, is dit die uitgangspunt van die taalbeleid dat die beste belange in onderwysverband van die leerders van die skool gedien moet word en dat daar nie op enige relevante grond onbillik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

4. Taalgebruik by skool

- 4.1 Die skool is 'n Enkelmediuminstelling soos bedoel in artikel 29(2) van die Grondwet.
- 4.2 Behoudens die bepalings van die taalbeleid, is die onderrigtaal by die skool Afrikaans (soos na verwys in artikel 6(1) van die Grondwet).
- 4.3 Die taal waarin die skool bedryf of bestuur word, is Afrikaans met dien verstande dat kommunikasie met buitelanders in enige ander taal kan plaasvind soos deur die omstandighede vereis en wat redelikerwys doenlik is.

5. Bevordering van veeltaligheid

- 5.1 Die skool bevorder veeltaligheid deur die aanbieding van Engels as 'n volwaardige vak.
- 5.2 In die algemeen neem die beheerliggaam en elke opvoeder by die skool redelike stappe om leerders in te lig oor die belangrikheid van veeltaligheid en om die aanleer van respek vir ander tale as die huistaal te bevorder.
- 5.3 Die skoolhoof lewer jaarliks aan die beheerliggaam verslag oor taalgebruik by die skool en tendense waarvan die beheerliggaam kennis behoort te dra.

6. Tale as vakke

Die beleid in die Regulasies oor tale as vakke (in artikel D) sal by die skool toegepas word.